

4 Desember

2 Timoteus 1:1-8

(Teks: 1:7) Die Here verlos ons om sonder vrees lief te hê

Timoteus was 'n jongman met probleme. Hy het gebuk gegaan onder swak gesondheid (1 Tim 5:23). Hy was van nature 'n skugter mens (1 Kor 16:10). Hy was nog baie jonk en terdeë daarvan bewus (1 Tim 4:12). Hy het swaar gely onder kwaadwillige dwaalleraars (1 Tim 1:3-7). Al hierdie dinge het daartoe bygedra dat hy in sy diens aan die Here allerhande vrese begin ontwikkel het Sodanig dat Paulus vir hom sê: "...God het ons nie 'n gees van wees-saligheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing." In hierdie een sin raak Paulus die probleem en die oplossing aan. Die probleem is: vrees. Ons leef in 'n tyd waar mense bang is en bang mense doen niks, want hulle is bang hulle gaan misluk, of hulle gaan seerkry. Vrees maak jou kragteloos en laat jou onbeheersd optree. die oplossing is: God het ons 'n gees van krag, liefde en selfbeheersing gegee. Hy doen dit met jou wedergeboorte. God maak jou nuut en kom woon in jou deur sy Gees. Jesus Christus verlos jou ook van vrees. Ons het 'n gees van "krag". Dit beteken nie dat jy 'n buitengewone persoonlikheid moet hê nie, maar verwys na jou geloof in die krag van God wat Hy in en deur jou uitoefen. Dit is so groot dat jy sonder vrees kan doen wat God van jou verwag. Jy kan onbevrees liefhê, want as jy bang is, kan jy nie liefhê nie. Die Here het ons ook 'n gees van selfbeheersing gegee. Selfbeheersing beteken veral dat jy jou ou natuur sal kruisig. As jy bang is, kan jy maklik lieg, soos Petrus toe hy gekonfronteer is met sy verbintenis met Jesus. As jy bang is, kan jy maklik mismoedig begin word en selfs wanhopig. Is dit hoe jy wil lewe? Om wanhopig te wees oor wat in ons land aangaan of wat in jou huwelik aangaan of in jou werk, is om selfbeheersing te verloor. Roep saam met Paulus uit: Wie sal ons skei van die liefde van Christus? En saam met die Psalmdigter. "Die Here is vir my 'n Helper - ek sal nie vrees nie." Daarom sal jy ook sonder vrees in die laaste dag voor Hom kan verskyn.

Sing Psalm 118:3 en 4 Ds. P.H. Fick (Springs)